ONTWERP

Beste Graad 12 Ontwerp-leerder

Vakvereistes

Jy het die volgende nodig:
- 'n Ontwerp-handboek
- 'n Prosesboek
- Materiaal wat met jou **gekose dissipline** verband hou

Ontwerpkategorieë:

- Visuele Kommunikasie-/ Inligtingsontwerp
- Oppervlakontwerp
- Produkontwerp
- Omgewingsontwerp

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir Graad 12 voltooi het.

Onderwerp 1 – Ontwerpproses (Prosesboek):

(10–12 uur per praktiese taak per kwartaal)
- Die prosesboek moet al jou beplanning, voorbereiding, ondersoek en navorsing toon om die geïdentifiseerde probleem van die opdrag op te los. Die navorsingsopdragte (**Ontwerp in 'n Besigheidskonteks**) vorm deel van hierdie proses en moet 'n direkte skakel met jou praktiese taak toon.

Onderwerp 2 – Ontwerpproduksie:

(18–20 uur per praktiese taak per kwartaal plus tyd na skool)
- Jy moet nou die produk/te in jou gekose ontwerpkategorie vervaardig. Onthou die funksionaliteit van die produk is belangrik. Dit is belangrik om na oorspronklikheid, kreatiwiteit en innovasie in die produk te streef, terwyl jy ook 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid toon in die gebruik van 'n verskeidenheid materiale en tegnieke wat gekies word.

Onderwerp 3 – Ontwerpteorie:

Die finale Ontwerpteorie-vraestel sal uit SES vrae bestaan:
Die teorie word verdeel in drie afdelings:

Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid (VRAE 1 to 3) 30 punte
- Analise van ongesiene voorbeelde
- Kommunikasie deur ontwerp
- Argitektuur

Afdeling B: Ontwerpgeskiedenis (VRAAG 4) 30 punte
- Geskiedenis van ontwerp

Afdeling C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/ omgewings- en volhoubare konteks (Vrae 5 en 6) 40 punte
- Ontwerp en sosio-kulturele kwessies
- Ontwerp en omgewings- en volhoubare konteks

Jy moet **AL** 6 vrae beantwoord, maar lees die instruksies noukeurig aangesien daar **keuses** in die vrae is.

Jy moet die volgende voltooi:

KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
TAAK 1 Teorie-toets 50 punte	**TAAK 3** Teorie-eksamen of kontrole-toets 100 punte	**TAAK 5** Teorie Proef-eksamen 100 punte	**TAAK 7.1** Teorie Vraestel 1 100 punte
TAAK 2 **Prakties 1** Prosesboek 100 punte	**TAAK 4** **Prakties 2** Prosesboek Book 100 punte	**TAAK 7.2** **Prakties Vraestel 2** Prosesboek 50 punte	**TAAK 7.2** **Prakties Vraestel 2** Produk 50 punte
TAAK 6: Pat (Retrospektiewe uitstalling): Dit is 'n uitstalling van jou werk waar die minimum vereistes Produk 1 moet in kwartaal een afgehandel word en Produk 2 in kwartaal twee. Jy behoort hierdie produkte te ontwikkel en uit te brei na 'n samehangende en holisties groep produkte gesien in die konteks van 'n uitstalling. **100 punte**			

PRAKTIES 1 Produk 1	PRAKTIES 2 Produk 2	PRAKTIES PAT: **Retrospektiewe uitstalling** Verfyning, uitbreiding en ontwikkeling van produkte temas in prakties 1 en 2 100 punte
TAKE 1 – 5 sal jou skool gebaseerde assessering (SGA) vorm (25% van finale punt)		
100 (SBA) + 100 (TAAK 6: PAT) + 100 (TAAK 7.2: PRAKTIESE EKSAMEN) + 100 (TAAK 7.1: TEORIE EKSAMEN) = 400 (TOTAL PUNTE)		

Wenke vir sukses

- Word **ontwerpgeletterd** deur bewus te wees van ontwerp rondom jou! Let op die tendense in Ontwerp. Wees sensitief en bewus van sosiale en omgewingskwessies wat ontwerp beïnvloed. Onderskei vooraf tussen **plaaslike en internasionale** ontwerpers se gevallestudies om nie deurmekaar te raak tydens die eksamen nie.
- Spesialiseer in een ontwerp kategorie om jou kapasiteit op te bou en uit te blink in jou praktiese werk
- Hou jou kliënt of teikenmark altyd in gedagte wanneer jy ontwerp. Is jou ontwerp funksioneel en esteties, sal dit aan die behoeftes voldoen en die lewe verbeter?

SKANDEER MY!
Ontwerp Oorsig

Ontwerp Hersiennings Kwaartaal 2
https://wcedeportal.co.za/eresource/123571

Ontwerp Hersiennings Kwaartaal 3
https://wcedeportal.co.za/eresource/147261

Ontwerp Studiegids Vraestel 1
https://wcedeportal.co.za/eresource/203291